


Minuutwyser → lang
wyser
Minuut → lang woord →
lang wyser!



Uurwyser → kort
wyser
Uur → kort woord →
kort wyser!

Lees tyd op 'n analooghorlosie
(Les 1)



Onthou: ons
kan die
horlosie se
gesig in twee
helftes
verdeel:
Voor en oor

voor



oor

voor



oor

Dink aan 'n teepot om dit te onthou



Wat kan jy alles
onthou?



- 1. Die analooghorlosie se gesig is opgedeel in 12 ure. As die **uurwyser (kort wyser)** een keer omgaan, is 12 ure verby. As dit 2 keer omgaan, is 24 uur verby – dis 'n volle dag.
- 2. As die **minuutwyser (lang wyser)** een keer omgaan, is 60 minute of 1 uur verby.




Onthou dat elke keer wat die minuutwyser van een syfer na die volgende beweeg, is 5 minute verby. Ons tel dus in vywe op die horlosie.

- Tel nou eers in 5'e tot by 60 om seker te maak jy kan dit doen.

5 10 15

- Nou gaan ons in 5'e op die horlosie tel.



As jy nou in vywe kon tel, kan ons begin om die tyd op die horlosie te lees. Ons gaan eers net die *minute oor* lees.

Onthou om die woord
minute by te sê.


Lees dit 'n paar keer tot jy
dit goed ken.




half




Kyk nou of jy kan sê hoe laat dit op hierdie horlosies is. Skryf jou antwoorde neer en kyk dan of jy reg was.




Kwart oor 5




5 min. oor 10




20 min. oor 1



25 min oor 8



half 2



10 min. oor 12



5 min. oor 5



20 min. oor 4



Tyd vlieg!

Tyd in 2's



Hoeveel.....

minute is daar in 2 ure?

ure is daar in 2 dae?

dae is daar in 2 weke?

maande is daar in 2 jaar?

